

28 Augustus

Romeine 13:1-7; Sondag 39

God skenk alle gesag

Orals kom mense in opstand teen gesag. Daar is stakings, misdaad, opstand en eiewilligheid. Vandag word meer en meer gekonsentreer op die regte van die individu, terwyl die gesag van gesagdraers al hoe meer op die agtergrond geskuif word. Daarom beveel die Woord van God ons, soos saamgevat in die Heidelbergse Kategismus, dat ons "aan almal wat oor ons gestel is, alle eer, liefde en trou moet bewys".

Daar is nie een mens wat in 'n gesagsposisie is wat nie sy gesag van God ontvang het nie. Wie hom teen 'n gesagsdraer verset, verset hom eintlik teen God van wie die gesagsdraers hulle gesag ontvang het.

Die mens wat dink hy is sy eie baas, doen wat hy wil. Indien die eiewilligheid van die mens onbeperk toegelaat sou word, sal daar naderhand 'n onleefbare toestand op aarde heers. Om die mens teen hierdie toestand te beskerm, het God in groot goedheid en liefde sekere persone met gesag bekleed sodat daar 'n ordelike lewe op aarde kan heers.

Daarom moet ons die gesag aanvaar van alle mense wat deur God oor ons aangestel is. Nooit mag ons opstandig wees indien gesagsdraers dinge nie so hanteer soos ons dit wil hê nie. Die Bybel stel dit baie duidelik aan ons: Daar bestaan geen gesag wat nie van God kom nie. Ons opdrag bly steeds dat ons altyd in ons gebede moet bid vir almal wat in gesagsposisies is sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei.

Sing: Psalm 47:1

Ds. P.J. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)